# VRYPOS

Tweeweeklikse Nuusbrief van die **NG Kerk Vrystaat**

# Pase

**14 APRIL 2023** | JAARGANG 21

UITGAWE **06**

# INHOUD


## 03 VRYPOS-FOKUS

03 Diens van Barmhartigheid | **Nuwe Uitvoerende Amptenaar by Diens van Barmhartigheid**

## 04 ARTIKELS

04 Verbi Divini Minister | **Die Prediking van Kunsmatige Intelligensie?**

04 JST | ***The Journal of Systematic Theology* Volume 2 | Uitgawe 10**

04 Netwerke | **Ons Geregtigheid Netwerk**

04 Teologiese Opleiding | **"My hart voel lig en my voete jeuk..."**

04 Werkgroep vir Islam | **Ramadan**

04 Afrika-Ekumene | **'n Profetiese stem van Suid-Afrika in Angola**

## 05 ARGIEF

05 Uit 'n ryk verlede | **Argiefkomitee van die NG Kerk Vrystaat**

## 07 DIS'N RING-DING

07 Ringsprojekte | **Ring van Bloemheuwel belê in gemeenskap en jeug**

## 09 MEDIATEEK

09 Boek | ***Reversed Thunder: The Revelation of John & the Praying Imagination***

09 Inventaris

## 10 EKOLOGIE

10 22 April 2023 | **Ons vier Aardedag**

## 11 AKTUEEL ALGEMEEN

11 CLF | **Nuwe Publikasie**

12 CLF | **Nuwe Publikasies**

13 Advertensies

14 CLF | **Pinksterreeks 2023**

## 15 NUUSBRIEWE PUBLIKASIES BROKKIES UIT KERKBODE

## 16 KALENDER

## 17 BETREKKINGS

## 18 VERJAARSDAE

## 19 'N LAASTE GEDAGTE

## 20 KONTAK ONS

## FOTO'S

Canva | Pixabay
Flickr | Pexels | Pixton
Tensy anders vermeld

## ARTIKELSKRYWERS

Mariëtte Odendaal | Dr Wessel Wessels | Dr Henco vd Westhuizen | Ds Jan Lubbe | Dr Enrico Casaleggio | Dr Ruhan Fourie | Getuienisaksie Eenheidsbediening, Sinode Wes-Kaapland | Ds Natasha du Plessis

# LOER, LEES EN LEER

saam met ons in hierdie uitgawe en laat weet ons asseblief wat jy dink!

# DAGBOEK DÍT

NG Kerk Vrystaat Buitengewone Sinodesitting op **Dinsdag 18 April** te **Geloofsentrum Universitas**, Bloemfontein.

# VOLGENDE VRYPOS

Die volgende Vrypos-uitgawe verskyn op **Vrydag 28 April**.

Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# REDAKTEUR


### BYDRAES EN NAVRAE

cmclean@ngkvs.co.za

# CELICIA MCLEAN

ngkerkvrystaat.co.za




# NUWE UITVOERENDE AMPTENAAR BY DIENS VAN BARMHARTIGHEID

DEUR MARIËTTE ODENDAAL

## **DINK NUUT** OOR DIENS VAN BARMHARTIGHEID IN GEMEENSKAPPE

Die afgelope jaar het daar 'n hele paar veranderinge by die Diens van Barmhartigheid van die Sinode Vrystaat plaasgevind.

Om beter te verstaan hoe dit tans in die praktyk werk, het ons gaan kers opsteek by ds Hannes du Plessis, voorsitter van dié bediening.

Vanaf 1 Maart is ds De la Harpe le Roux weg van Vennote in Getuienis en as uitvoerende amptenaar by die Diens van Barmhartigheid Bediening aangestel. Wat was die aanloop tot hierdie besluit?




***Foto:** Ds De la Harpe le Roux, Uitvoerende Amptenaar van Diens van Barmhartigheid*

Hierop antwoord Du Plessis as volg: "Die 2022-Sinodesitting het 'n nuwe werkswyse vir die Bediening van Barmhartigheid goedgekeur wat meegebring het dat die permanente bedieninge van die Sinode, naamlik Vennote in Getuienis, Diens van Barmhartigheid en Bedieningsbegeleiding, nou op gelyke vlak binne die bestuur van die Sinode funksioneer. Die Raad vir Diens van Barmhartigheid, wat 'n verteenwoordiger uit elke ring in die Vrystaat het, het vinnig besef dat dié bediening (soos die ander bedieninge in die Sinode Vrystaat) ook 'n uitvoerende amptenaar benodig om die verantwoordelikhede wat aan ons toegeken is, tot die beste van ons vermoë na te kom."

De la Harpe le Roux is in hierdie pos aangestel. Waarom sou jy sê is juis hý 'n geskikte persoon vir hierdie pos? "Ek dink daar is min mense met die deurleefde ervaring van barmhartigheidswerk wat Le Roux het," sê Du Plessis. "Hy werk al vir baie jare in die middestad van Bloemfontein met mense in nood. Daarmee saam het hy oor die jare baie ervaring en kennis opgedoen rondom vennote en organisasies (nasionaal en internasionaal) waarmee gemeentes en ringe kan saamwerk. Tydens die 2022-begrotingsproses is daar onderling tussen die bedieninge ooreengekom om die toegekende *pro rata*-bedrag op 'n gelyke basis tussen die drie permanente bedieninge te verdeel," verduidelik Du Plessis. "Die vierde deel van die *pro rata*-bydraes is aan die Visionering en Ondersteuningsbediening toegeken. Hierdie was 'n wegbeweeg van die tradisionele verdeling waarin sekere bedieninge persentasiegewys baie meer as die ander bedieninge ontvang het. In die 2022-begroting is gelyke verdeling daarop gebaseer dat die Visionering en Ondersteuningsbediening 'n mindere persentasie benodig en kon die drie ander bedieninge 'n 27.7%-toedeling ontvang. Om binne 'n kleinerwordende *pro rata* die befondsing van Diens van Barmhartigheid te kan bekostig, het die bedieninge onderling ooreengekom dat vir die 2023-begroting 'n 25%-toedeling sal geld wat dan aan die Visionering en Ondersteuningsbediening 7.5% meer beskikbaar sal maak."

**Lees hier**

# ARTIKELS

UIT DIE SINODE | AFRIKA-EKUMENE

BEDIENINGSBEGELEIDING

Verbi Divini Minister

## Die Prediking van Kunsmatige Intelligensie?

*Dr Wessel Wessels*
*Erediens Netwerk*



**Lees hier**

BEDIENINGSBEGELEIDING

Volume 2 | Uitgawe 10

## *The Journal of Systematic Theology*

*Dr Henco van der Westhuizen*
*Digitale Bediening Netwerk*



**Lees hier**

BEDIENINGSBEGELEIDING

Netwerke

## Ons Geregtigheid Netwerk

*Mariëtte Odendaal*



**Lees hier**

BEDIENINGSBEGELEIDING

Teologiese Opleiding

## "My hart voel lig en my voete jeuk..."

*Ds Jan Lubbe*
*Voorsitter Kuratorium*



**Lees hier**

VENNOTE IN GETUIENIS

Werkgroep vir Islam

## Ramadan

*Dr Enrico Casaleggio*
*Raad van Vennote in Getuienis*



**Lees hier**

AFRIKA-EKUMENE

NetACT

## 'n Profetiese stem van Suid-Afrika in Angola

*Oorgeneem uit Getuienisaksie*
*Eenheidsbediening, Sinode Wes-Kaapland*



**Lees hier**



Deur **dr Ruhan Fourie**

# ARGIEF-KOMITEE

*van die NG Kerk Vrystaat*

Die goue draad deur die argiefkomitee van die NG Kerk Vrystaat se vergadering op 7 Maart 2023, was dat verhoudings en samewerking die sleutel tot die veerkragtigheid van die kerkargief sal lei.

Dit is geïllustreer en beklemtoon deur die gasspreker Nandor Sarkady van die Nederduitse Hervormde Kerk se Argiefbewaarplek. Uitdagings soortgelyk aan dié van die NG Kerk Vrystaat se argiefbewaarplek is uitgewys, soos tekorte in menslike hulpbronne, finansiële steun, krimpende rakspasie en dalende navorsingsbelang.

Tog, beklemtoon Sarkandy, is kerkargiewe, asook ander argiefbewaarplekke, interafhanklik van mekaar en is samewerking noodsaaklik. Nie net lei dit na kruisbestuiwing van kennis nie, maar Sarkandy meen dat vennootskappe die bestuur van argivalia meer koste-effektief sal maak.

Die argiefkomitee van die NG Kerk Vrystaat neem die insig met erns. Die vergadering bespreek dieper samewerking met die Universiteit van die Vrystaat se departement geskiedenis, die Fakulteit Teologie en Religie, en die Argief vir Eietydse Sake. Die argiefkomitee het ook besoekers van Naln en die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke verwelkom.

Dr Johan van Zyl van die Oorlogsmuseum het die kerkargief genooi om deel te neem aan die 90ste herdenking van die 1933 Afrikaanse Bybelvertaling, terwyl dr Wyno Simes die vergadering ingelig het oor die 50ste feesvieringe by Naln. Die kerkargief dien as beide die geheue van die NG Kerk Vrystaat en ‘n hulpbron vir navorsers.

Om aan hierdie take so goed as moontlik te voldoen, word die kundigheid van kerkhistorikus en kenner op kerklike argiefbewaarplekke, prof Dolf Britz, ingespan om ‘n profiel van die kerkargief op te stel wat die komitee sal bemagtig om ingeligte besluite op die pad vorentoe te neem.

**Lees meer** »

NG Kerk
Vrystaat

BLOEMFONTEIN

# BUITENGEWONE SINODESITTING 18 APRIL 2023

Straussstraat 12 | Universitas | Bloemfontein 9301

## GELOOFSENTRUM UNIVERSITAS

*Lig in die duisternis,* ***hier vir God, mekaar en die wêreld***

# RINGE

*In samewerking met* ***Sinodale Bedieninge***




*Deur* ***Mariëtte Odendaal***

# Ring van Bloemheuwel belê in gemeenskap en jeug

"Die belydeniskamp van 2022 was 'n plek waar ons regtig tyd gekry het om saam met die Here te wees en om ons verhouding met Hom te vestig," vertel Emma Calitz, 'n Graad 12-leerder van Oranje Meisieskool en lidmaat van die NG Kerk Heuwelsig. "Ek het die kamp baie geniet en baie geleer oor myself en oor hoe ek wil hê my lewe in Jesus moet lyk. Dit was die ideale plek om net 'n bietjie te kon wegkom van die besige jaar en net weer te kon fokus op die Here."

Dis getuienisse van ringsprojekte soos hierdie wat 'n mens se hart warm laat klop; projekte wat in die geestelike ontwikkeling van ons jeug en gemeenskappe belê. Die NG Kerk Vrystaat het in die boekjaar 2022/23 'n bedrag van R30 000 beskikbaar gestel aan elkeen van die 15 Vrystaatse ringe om gesamentlike ringsprojekte te ondersteun.

Die versoek is dat diens in samewerking met 'n sinodale bediening gelewer word. Wat die Ring van Bloemheuwel betref, is daar by al drie die sinodale bedieninge ingeskakel, naamlik die Bedieningsbegeleiding, die Diens van Barmhartigheid en by Vennote in Getuienis," vertel Piet Coetzer, ringskriba van die Ring van Bloemheuwel.

**Vertel ons meer van jul ringsprojekte**

"Sedert 2018 het ons 'n onafhanklike kerk, die *True Prophetic Word of God Ministry*, in die Grasslandgebied help plant. Ons het ook die opleiding van hul pastoor ondersteun en gehelp met die oprig van 'n doelmatige kerkgebou," vertel ds Jors Reynders, leraar van NG Gemeente Bloemheuwel.

Lees meer »

www.ngkerkvrystaat.co.za

## NG KERK VRYSTAAT

# 'N KRAAKVARS WEBTUISTE

NG Kerk
Vrystaat

# NOU AANLYN




**LOER | LEES | LEER**

© 2023 NG Kerk Vrystaat

Author
Eugene H. Peterson

PUBLISHED APRIL 26, 1991 | HARPERONE

# REVERSED THUNDER

## The Revelation of John & the Praying Imagination

"Eugene Peterson is perhaps the keenest observer of life, the best interpreter of the truth, and the most refreshing theological poet alive today. I believe that *Reversed Thunder* is his best book yet."

***Rev Bruce Larson**, author of Living Beyond Our Fears and The Presence: The God Who Delivers and Guides*

"To be appreciated and applauded... In Eugene H. Peterson, John has found a kindred spirit and imaginative interpreter."


***Theology Today***

"A pastoral/theological masterpiece. As literature it is a delight to read. As Bible study it has profound depth... A gold mine for a series of expository sermons on Revelation."

***Ministry***

"Peterson's eloquent meditation on the Revelation of St. John engages the imagination and awakens the intellect to the vitality and relevance of the last words on scripture, Christ, church, worship, evil, prayer, witness, politics, judgment, salvation and heaven."

***Boekprent oorgeneem uit** © 2023 Goodreads, Inc.*




## MEDIATEEK | **INVENTARIS**

Loer gerus na die **Mediateek** van die NG Kerk Vrystaat, Sinodale Kantoor se volledige inventaris hieronder.

Navrae | **Anelia van den Blink**
**(051) 406 6700** of **kuratorium@ngkvs.co.za**.

*Hierdie boek is beskikbaar in die Mediateek.*

**Loer hier** »




***Oorgeneem uit** VrydagNuus 31 Maart 2023, Sinode Wes-Kaapland*


**Vanjaar vier ons Aardedag op Saterdag 22 April.** Aardedag is 'n beweging wat al vir 53 jaar bestaan; die eerste Aardedag is al in 1970 gevier. Aardedag se missie is om diversiteit, opvoeding en 'n wêreldwye omgewings-beweging te aktiveer. Tans is dit die grootste omgewingsbeweging wat met meer as 75 000 vennote in meer as 190 lande saamwerk om aksies te dryf wat 'n positiewe impak op ons planeet het. Elkeen speel 'n rol in die omgewingskrisis. Daarom is dit belangrik vir ons as geloofsgemeenskappe om 'n positiewe rol te speel in die opleiding en bewusmaking daarvan vir ons naaste. As Christene sluit ons naaste egter ook meer in as net ons menslike bure. God verklaar in Genesis die hele skepping as goed. Boonop gee die Here ons die opdrag om verantwoordelik op te tree en nie ons mag as mense te misbruik nie. Ter viering van Aardedag deel die Groenspan (Getuienisaksie Wes-Kaap) graag oordenkings oor Bybeltekste, Bybelstudie-idees en liturgiese voorstelle vir leiers in gemeentes wat graag ander wil help nadink oor ons verhouding met die skepping vanuit 'n Bybelse perspektief.

**WENKE EN VIDEO'S | BRUIKBARE TEKSTE EN REFLEKSIES | GEBEDE EN LITANIEË**

**GETUIENISAKSIE**
Eenheidsbediening
- VGKSA Streeksinode Kaapland
- NG Kerk in Suid-Afrika
- Reformed Church in Africa

**Loer hier**

# NOW AVAILABLE




## For only


## R250

**Buy online -**
**https://shop.clf.co.za/product/sojourn-on-the-veld/**
**or from any CLF Bookshop -**
**https://shop.clf.co.za/contact-us/**

*Sojourn on the Veld* is the story of a young American engineer who served the Tswana homeland from 1978 to 1980, the height of apartheid. The author and his teammates lived in the black township of Montshiwa and worked with black and white South Africans in the homeland government. The story involves the author's struggles with his spiritual growth and his dependence on the close brotherhood of his team. It details the trials, hard work, and joys of advancing the message of Jesus Christ. It reveals the deep appreciation the author developed for all South Africans and his love for their diverse and beautiful land. The team were staff members with Campus Crusade for Christ trained in evangelism and discipleship. They were twenty-somethings, just out of college, and, for most of the group, this was their first experience outside the US. Along with ministry, the group worked as health professionals, teachers/instructors, and engineers. *Sojourn on the Veld* provides the unique perspectives on ministry, work, and culture of an American embedded in South Africa during apartheid.

**shop.clf.co.za** **021 873 6964** **order@clf.co.za**

# NOU BESKIKBAAR




**Vir slegs**

**R300**

**Koop dit aanlyn -**
**https://shop.clf.co.za/product/die-nuwe-lewe-vir-volgelinge-van-christus/**
**of by enige CLF Boekwinkel -**
**https://shop.clf.co.za/contact-us/**




**Vir slegs**

**R250**

**Koop dit aanlyn -**
**https://shop.clf.co.za/product/die-stem-van-die-herder/**
**of by enige CLF Boekwinkel -**
**https://shop.clf.co.za/contact-us/**


MASSIEWE
BOEK
VERKOPING
Slegs R20 elk
SLEGS EEN WEEK!
17 - 22 April 2023
T&V's geld
Klik hier


BIBLE SOCIETY
CATALOGUE
2023
APRIL 2023
Klik hier


Bible Society
of South Africa
Easter
special
offers
www.biblesociety.co.za
bible society of south africa
Klik hier



ENGO KINDER EN
JEUGSORG BIED AAN:
MEESTERSTUK 2
KONSERT EN VERMAAK TEN BATE VAN: AMOR, GARDENIA,
CARPE DIEM,ESPERANZA EN GLADSTONE
JEUGSORGSENTRUMS
12 & 13 MEI 2023
@ LEOPARD AND LACE
R280 PER PERSOON
Kontak Marinique:073 566 0078
Engo
Klik hier


GO HOSPITAALSO
VAN BUITE BLOEMFONTEIN MET FAMILI
RIENDE IN 'N BLOEMFONTEIN HOSPITAA
Engo
Klik hier


TUISVERSORGING KURSUS
Bloemfontein 8 Mei 2023 by
Striata Aftree Oord
RATIA VIA ACADEMY (Pty) Ltd
6 Maande SETA geakkrediteerde Tuis versorger Kursus wat bestaan uit 4 SAQA Eenheid Standaarde
Eenheidstandaard 260463 -
Ondersteun die kliënt en sy/haar eggenoot/gesin/familie om tuisversorging te bestuur.
Eenheidstandaard 117009 -
Pas beginsels vir palliatiewe sorg toe wanneer u hulp en ondersteuning aan die kliënt en familie bied om lewensbedreigende siektes te hanteer.
Eenheidstandaard 119559 -
Pas kennis van die voorsiening en implementering van primêre gesondheidsorg toe.
Eenheidstandaard 119567 -
Voer basiese prosedures vir lewensondersteuning en noodhulp uit.
oelatings vereiste: Graad 10
oste van die Kursus: R8500 ( Kontant R8000)
egistrasie Fooi: R2500
fbetaling: R2000 / maand oor 3 maande
Kursus gelde sluit in al die studie materiaal en 1 uniform
Kontak asb. vir Ronel Beukes by
083 501 4416 of
Kantoor: 072 2504828 /
Klik hier


THE STREET STORE
051 522 6806
bfnstreetstore@gmail.com
27 MEI 2023
Stel jouself as vrywilliger beskikbaar
Voorbereiding word getref om 4 000 van Bloemfontein se behoeftige mense te bedien, maar daarvoor is persone nodig om Jesus se hande en voete vir ander te wees.
Vir meer inligting
(051) 522 6806
bfnstreetstore@gmail.com
Gemeentes kan help met die
insameling van klere, kos en
Klik hier


NG KERK
BERG-EN-DAL
Prop. Janke Hurter
23 April 2023
Bevestiging en intreepreek
ONS NOOI U HARTLIK UIT NA DIE EREDIENS OM
09:30 EN GESELLIGHEID DAARNA IN DIE KERKSAAL
Klik hier


2023
Jaarboek
van die
Nederduitse Gereformeerde Kerke
Klik hier

# PINKSTER

## HOOP IN HANDELINGE

Deur

**Dr Pieter van Jaarsveld**
*Emeritus-leraar van Bloemfontein en voormalige moderator van die NG Kerk Vrystaat.*

**PENTECOST**

**PINKSTER**



Oorgeneem uit https://clf.co.za/resource-toolkit/

Die naam van hierdie Pinksterreeks is "Hoop in Handelinge". Handelinge is een van die mees indrukwekkende boeke in die Bybel – dit vertel die storie van die vroeë kerk. Daar is verhale van wonderdade, geloof wat mense inspireer, buitengewone wysheid, waagmoed en menselewens wat handomkeer verander het. Dít alles te danke aan die kragtige werking van die Heilige Gees – die Gees van die opgestane Christus wat self teenwoordig is en sy kerk op aarde vestig. Tog word hierdie boek afgeskeep of net selektief gelees. In hierdie reeks word daar opnuut - met "hoop" as lens - gekyk na sewe tekste uit Handelinge. Daar gaan gekyk word na elke teks se konteks en hoe dit vir ons vandag hoop gee. Hierdie Pinksterreeks is geskryf deur dr Pieter van Jaarsveld – voormalige moderator van die NG Kerk Vrystaat en emeritusleraar van Bloemfontein.

### ANDER HULPBRONNE

Kyk gerus ook HIER na ons jongste Preek-oordenkings, Webjoernale (Blogs) en Oordenkings wat op CLF se Hulpbronsentrum gelees en gedeel kan word.

# NUUSBRIEWE EN PUBLIKASIES

NUWE PUBLIKASIES | BROKKIES UIT KERKBODE



Nuuswenke oor lidmate, gemeentes of ringe wat uit die boks dink om 'n verskil in hul omgewing te maak, is baie welkom.

E-pos: **helene@bmedia.co.za**

**Publikasie**
*Die lig van Sy nabyheid*
**Loer hier »**
*Oorgeneem uit eshop.bybelmedia.org.za*

**Publikasie**
*Engele om ons*
**Loer hier »**
*Oorgeneem uit eshop.bybelmedia.org.za*

**Publikasie**
*Ons wil Jesus sien*
**Loer hier »**
*Oorgeneem uit eshop.bybelmedia.org.za*

## BROKKIES UIT kerkbode

KYK
**Dominee se debuutroman vra vrae oor vrouwees in manswêreld**
*Oorgeneem uit Kerkbode, Artikels, Video*
*12 April 2023*

**Dit skep hoop: Lidmate wat opstaan en roeping herken en erken …**
*Oorgeneem uit Kerkbode, Artikels*
*5 April 2023*

**Pelgrims, stappers en nuuskieriges: Nuwe roete wink ná sukses van Tuinroete se buitekerkie-roete**
*Oorgeneem uit Kerkbode, Artikels*
*2 April 2023*

KYK
**#imagine2023: 'Die Bybelstudie-werkswinkels was oorvol'**
*Oorgeneem uit Kerkbode, Nuus*
*31 Maart 2023*

# KALENDER

Stuur alle kalender-gebeure aan **cmclean@ngkvs.co.za**

nuut

## PHILIPPOLIS

KERKBASAAR

**10:00 IN DIE KERKSENTRUM**

Kom geniet 'n gesellige oggend van kuier, koop en eet saam met familie en vriende

| 22 | 04 | 23 |
|---|---|---|
| DAG | MAAND | JAAR |

nuut

## BERG-EN-DAL

BEVESTIGING EN INTREEPREEK VAN

**PROPONENT JANKE HURTER**

Ons nooi u hartlik uit na die erediens om 09:30 en geselligheid daarna in die kerksaal

| 23 | 04 | 23 |
|---|---|---|
| DAG | MAAND | JAAR |

nuut

## ZASTRON

BASAAR

**09:00 BY NG GEMEENTE ZASTRON**

Koekversier-kompetisie, Bybel oorskryf en vele meer

| 19 | 05 | 23 |
|---|---|---|
| DAG | MAAND | JAAR |

nuut

## HUGENOOT

GHOLFDAG

**BLOEMFONTEINBAAN**

R1,500 p/vierbal | *American Scramble*
*Besprekings by baan @ (051) 447 0906*

| 19 | 05 | 23 |
|---|---|---|
| DAG | MAAND | JAAR |

**www.ngkerkvrystaat.co.za**

NG Kerk Vrystaat

Loer gerus op die **webblad se kalender** vir alle belangrike datums en gemeentegebeure

# BETREKKINGS

VAKATURES | PREDIKANTENUUS







## Predikantenuus

VRYSTAAT

### BEROEP

**Ds SB (Stefan) Conradie** van die NG Kerk Arlington/Lindley is op 9 Maart 2023 as diensleraar na die NG Kerk Bethlehem-Efrata beroep. *(Oorgeneem uit Kerkbode, 24 Maart 2023).*

### BEDANK

**Ds HJ (Hendrik) Conradie** van NG Kerk Virginia-Wes is op 20 Februarie 2023 as leraar na die NG Kerk Bethlehem-Efrata beroep. Hy het egter nie die beroep aangeneem nie. *(Oorgeneem uit Kerkbode, 24 Maart 2023).*

**Ds Stephan Strydom** van NG Gemeente Dalunie (dolerend) het nie die beroep aanvaar na NG Gemeente Sasolburg-Tuinedal (dolerend) nie. *(Oorgeneem uit Kerkbode, 6 April 2023).*

**Kerkbode**

**VIR MEER INLIGTING** | woes@mweb.co.za / 023 342 6030

**Afloslleraars**

**VIR MEER INLIGTING** | daf@ngkvs.co.za / (051) 406 6700

# VERJAARSDAE



Veels geluk!

Wense
van voorspoed,
God se seëninge
en genade vir die
nuwe lewensjaar.

## APRIL

**19** Mnr Tertius Botha
**SINODALE KERKKANTOOR**

**19** Mev Celicia McLean
**SINODALE KERKKANTOOR**

**20** Ds Fanus Henning
**AANDBLOEM**

**22** Mnr Josua Sebolai
**MOOIGENOEG KAMPTERREIN**

**27** Ds Gideon Serfontein
**VAALPARK**

TEKS: **Johannes 15:5; 17:21b** (AFR53)
**Ds Natasha du Plessis** | Leraar van NG Gemeente Luckhoff

# Met die laaste gedagte van die **begintydperk van Pase**

**"Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie."**

JOHANNES 15:5 (AFR53)

Met die laaste gedagte van die begintydperk van Pase, moet ons dit nie as 'n laaste gedagte sien nie, maar as 'n gedagte wat aangaan. God eerste, laaste, in die middel en altyd ons Alles, in alles en deur alles.

Die besefpunt wat uitklaring nodig het, is die feit dat ons elke dag meer en meer die selfsug in die wêreld raaksien, maar niemand kyk meer na hulleself nie. Gedagtes is selfgerig, maar net oor dit iemand anders raak en jou eie emosies. Ons bekommer onsself meer oor wat ander van ons dink, as wat God van ons dink... want ons gedagtes is bitter min by God of op God gerig, nie waar nie? Ons val gereeld by tradisies van die wêreld in. Ons doen die dinge wat ons dorp of stad se mense sal doen en vergeet soms wat goed vir onsself en ons geestelikheid sal wees. Kom ons wees eerlik – ons ken nie onsself nie en daarmee ken ons nie God nie. Ons vier Paasfees, maar besef ons werklik wat dit beteken en besef ons dit gaan uitloop tot Pinkster en so aan? Dit laat mens dink aan 'n welverdiende Calvyn gesegde: "Byna alle wysheid wat ons besit, dit wil sê ware en gesonde wysheid, bestaan uit twee dele: Die kennis van God en van onsself". Wat 'n manier om jou *magnum opus* te begin. Geen wonder dit word gereeld herhaal nie.

Die aanhaling moet wel in konteks geneem word. Dikwels word die lyn gebruik as 'n regverdiging vir introspeksie of selfs 'n sielkundige selfbewust-heid. Mens kan argumenteer dat selfs Calvyn gesuggereer het dat ons met ons innerlike self in aanraking moet kom en dat ons God nie los van ons eie ervarings kan verstaan nie. Ja, ons moet onsself ken om God waarlik te ken, maar wat ons moet weet, is ons "beskaamde naaktheid" wat "'n wemelende horde swakhede" blootlê. Sodra jy kennis oor jouself moet spreek, besef jy hoe onkundig jy wel is, of jy begin jouself definieer – hetsy by jou uiterlike en basiese punte of heeltemal in die negatiewe.

**Lees meer** »



Foto: **Ds Natasha du Plessis**

# KONTAK ONS

## REDAKSIE

**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn, 9301
Posbus 11412, Universitas, 9321

Stuur enige nuusgebeure, bydraes of inligting **voor 12:00 Woensdae** na **cmclean@ngkvs.co.za**




# Samestellers

Celicia McLean (Redaksioneel)
**cmclean@ngkvs.co.za**

Carlie Niehaus
**carlie@ngkvs.co.za**

**skakel@ngkvs.co.za**

@NGKERKVRYSTAATAMP • NGKERKVRYSTAAT.CO.ZA

Indien jy op **VRYPOS** wil inteken | **KLIK HIER** | Stuur 'n e-pos om **VRYPOS** te kanselleer

© 2023 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**



NG KERK VRYSTAAT | © **2023**
Departement Kommunikasie en Bemarking